

Genade op die verkeerde pad!

1 Konings 18:20-19:18

Inleiding

- Jy is op 'n pad... maar dis nie die regte pad nie.
 - in jou lewe
 - of in 'n spesifieke saak
 - Terugdraai lyk te moeilik.
 - Jy is al moedeloos.
 - Of dis dalk iemand naby jou met wie dit so is.
 - Vêr op 'n verkeerde pad... dalk al te vêr!?
 - Jy's raadop
- Maar het jy geweet:
 - God gee genade...
 - selfs vir mense op 'n verkeerde pad na 'n verkeerde plek?
- Hoe werk dit?... en meer nog...
 - wat sê dit van hoe jy oor God en Jesus en sy Gees dink?
 - En wat sê dit van wat jy maak met ander mense op verkeerde paaie?
- 'n Gedeelte wat ons help om hieroor te dink is 1 Konings 18 en 19.
 - Eers 'n bietjie agtergrond voor ons dit lees.

Agtergrond

- Dis omtrent 850 v.C.
 - Koning Agab van Israel en sy mense was in die land van melk en heuning wat God vir hulle gegee het...
 - maar op die verkeerde pad.
 - Agab se vrou, Isebel,
 - was van 'n ander land en het nie haar poedeltjie saamgebring Israel toe nie,
 - maar haar afgod: Baal.
 - Sy was nogal 'n woeste tannie en het die broek in die huis gedra:
 - sy het gesorg dat Israel van God vergeet, en gesorg dat almal vir haar Baal begin bid en offer.
 - Hierdie Baal was die god van storms: reën en weerlig...

- en die Israeliete wou hom gelukkig hou met offers want dan glo hulle groei hulle koring en patats.
 - God wat hulle uit Egipte gered het en daardie selfde land gegee het waaruit hulle die koring en patats haal...
 - was vergete soos 'n speelding waarmee hulle verveeld geraak het.
- God wil toe met genade op die verkeerde pad...
 -die verkeerde padregmaak.
 - In wat ons nou gaan lees sien ons veral 2 dinge
 - hoe God Elia, 'n profeet, agter mense aan stuur wat op die verkeerde pad is.
 - En as Elia ook op die verkeerde pad land,
 - dat God hom selfs op daardie verkeerde pad versorg en terug help.
- Ons tel die storie op waar dit lank nie gereën het nie en die mense kry swaar.
 - Elia het nou 'n plan om uiteindelik Baal se nuttelosheid te ontmasker.
 - Hy stel voor hulle hou 'n publieke “standoff” voor al die mense van Israel
 - – pak 'n altaar met 'n bul op en gee vir Baal die kans om die vuur met weerlig aan te steek uit die hemel uit.
 - dan sal hulle moes sien wie is regtig
 - Ruggraatlose Agab dink dis 'n blink plan... en nou lees ons verder...

Lees Teks: 1 Konings 18:20-19:18

[God stuur Elia om Israel uit die kloue van afgodsdienste te red – hulle verkeerde pad

God gee genade aan Elia wat in moedeloosheid vlug – sy verkeerde pad]

Die verhaal praat eintlik vir homself maar kyk wat gebeur hier!

Genade op Israel se verkeerde pad

- God stuur Elia om mense op 'n verkeerde pad reg te help deur wonderlike dinge te doen:
 - Hy bid vuur uit die hemel op sopnat hout en dit vat vlam
 - – die mense kom agter die Baal-storie is 'n klug.
 - Elia maak dan 850 Baal en Asjera profete dood.
 - Dit vat seker 'n rukkie maar hy doen dit!
 - Verder laat hy dit na 3 jaar weer vir die eerste keer reën.
- Wat gebeur hier?!
 - God help mense wat vasgesit het op 'n verkeerde pad.
 - Hy laat die skille van hulle oë afval,
 - hy vat die sisteem waarin hulle vassit weg
 - en bring die reën waarna hulle smag
 - – als sonder dat
 - hulle eintlik in God belang gestel het
 - of eers daarvoor gevra het.
- Dit gebeur baie dat ons God nie eens opsoek nie
 - Maar dat Hy in genade ons nie los nie
- Dís mos genade op 'n verkeerde pad!

Genade op Elia se verkeerde pad

- Maar Elia as mens doen nie daardie dinge sonder dat dit aan jou vat nie.
 - 1 man teen honderde.
 - Teen sy regering.
 - Elia is nou flou-kole.
 - En tannie Isebel hoor manlief se getroue verslag en sy kan slange vang!
 - Sy sweer by haar eie lewe dat Elia nie die son die volgende dag sal sien sak nie.
- Toe het Elia bang geword –
 - dit het nie gelyk asof enige van die wonderlike goeters vir Agab of Isebel reggeruk het nie.
- En net daar sit hy ook sý voete op die verkeerde pad.
 - Ook weg van waar die Here hóm wou hê.
 - Omtrent 160km weg, suid na Berseba.
 - Hy weet hy is ook niks beter as sy pa of oupa nie,

- want hy het ook nou op God opgegee.
 - Hy vra dat Hy maar eerder doodgaan en raak onder 'n bos aan die slaap.
- Maar God is die God wat genade gee, selfs op die verkeerde pad.
 - 'n Engel skud hom wakker vir vars roosterkoek en water.
 - Het jy al roosterkoek geruik op 'n honger maag!?
 - Hy het geëet, gedrink en weer geslaap.
 - En weer word hy wakker gemaak vir nog kos sodat hy kan krag hê vir sy pad.
 - Maar onthou... dis nog steeds die verkeerde pad!
 - En Elia staan daar op en stap nóg ± 320 km vêrder op die verkeerde pad suid na Horeb.
 - Verstommend genoeg sorg God met genade vir Elia,
 - al is hy op die verkeerde pad in die verkeerde rigting.
 - Hoekom?
 - Omdat wat Elia doen reg is?
 - Nee,... omdat God goed en genadig is
 - – die God wat genade kom gee vir mense op 'n verkeerde pad.
 - Jy moet dit mooi verstaan
 - Dat God plek-plek vir jou genade gee terwyl jy op 'n verkeerde pad is
 - Is nie God wat maar sê dis OK nie. Kap maar aan!
 - Hy hou jou genadig aan die gang
 - sodat jy uiteindelik jou kan bekeer en terugdraai na so goeie God!
 - Want sien, so stap Elia tot by Horeb, asof dit maar OK is...
 - Hier besluit God dis nou vêr genoeg
 - en tyd om vir Elia 'n ding of 2 te verduidelik.

God ís op die regte pad, al lyk dit nie altyd so nie

- God vra eers: “Wat maak jy hier, Elia?”
 - En dan antwoord Elia hoe hy na dinge kyk:
 - God se pad het nie gewerk nie en nou is hy in die sop!
 - Die regte pad werk nie.
 - God is nie daar nie!

- Toe praat God nie... Hy wys!
 - Sterk wind, aardbewing en vuur... maar God is nie in die groot goeters nie.
 - Hy is in die fluistering van die wind.
 - God is ook in die klein oomblikke waarin dit lyk asof daar niks gebeur nie.
 - God is steeds daar waar Elia gedink het God lankal nie is nie,
 - Dis God se antwoord aan Elia:
 - Ek is ook waar dit lyk asof niks gebeur nie.
 - Daarom vra God nou weer: “Wat maak jy hier, Elia.”
- Dan is Elia nukkerig,
 - en soos iemand wat nie sy waardigheid wil verloor nie en by sy standpunt bly
 - antwoord hy presies dieselfde as sy vorige antwoord
 - – al het hy nou uiteindelik die boodskap gekry.
- En God weet Elia het die boodskap gekry,
 - want sonder om op Elia se nukke te reageer
 - gee God sy volgende opdrag om Elia weer op die regte pad te kry:
 - “Draai in jou spore om en gaan...”
 - Bekeer jou
- En Elia gaan...

Evangelie oomblik

- Wat sien ons van God in mense se lewens?
- Dis wat jy hier moet leer:
 - daar is Genade op die verkeerde pad
 - al dink jy nie God sal daar wil wees nie
 - al word daar nie eers voor gevra nie
 - EN
 - God is altyd op die regte pad te vinde,
 - al dink jy nie Hy is meer daar nie.
- En dis goeie nuus...
 - veral as jy bekommerd is oor mense om jou
 - of as jy bekommerd is oor jouself
 - dat als dalk al te vêr is...

- Dis ook goeie nuus vir mense wat
 - begin dink het God is nie meer op die regte pad
 - hulle wil ophou doen wat hulle weet reg is want dit voel of dit werk nie
 - of het al opgehou
 - Dit voel nie of God ook daar is nie

- En dis ook goeie nuus as
 - jy vir ander mense hierdie genade en liefde wys,
 - selfs waar hulle op 'n verkeerde pad is.
 - Hoe anders gaan hulle ooit kan omdraai!

- Hierdie goeie nuus bestaan vandag vir jou in Vanderbijl omdat
 - Jesus nie maar net 'n profeet soos Elia was nie.

- Elia, was die profeet wat weggedraai het van die dood wat by Isebel gewag het
 - omdat Hy gedink het God is nie meer saam met Hom op die regte pad nie.

- Paar eeue later praat Elia met Jesus op 'n berg in 'n wonderlike oomblik (Luk 9:28-36).
 - Hulle praat oor Jesus se dood wat vir Hóm wag... [Luk 9:31]
 - maar anders as Elia het Jesus nie omgedraai nie...
 - want Hy weet dit is God se pad...
 - die regte pad waardeur Hy genade sal kan vat na mense op die verkeerde pad.
 - selfs deur sy eie dood – wat hoe 'verkeerd' ook al gelyk het.
 - Die prys is al betaal vir ons elkeen se
 - verkeerde pad
 - en afdraaipad
 - en opgee pad.
 - want Jesus het namens ons die regte pad geloop

- Dis hoekom
 - daar genade is vir jou op jou verkeerde pad
 - nie omdat dit maar OK is nie.
 - en God altyd te vinde is op die regte pad... al dink jy nie Hy is meer daar nie.

- As jy afgedraai het omdat jy dink God was nie op die regte pad nie
- Draai terug... hy is daar en werk daar... al lyk dit nie so nie
 - Soos in Jesus se geval
- en hy stuur jou ook om genade na mense te vat op die verkeerde pad
 - nes Jesus

Slot

- Daar is Genade op jou verkeerde pad al dink jy nie God sal daar wil wees nie
- EN
- God is altyd op die regte pad te vinde, al dink jy nie Hy is meer daar nie.
- Dink aan die mense om jou op verkeerde paaie... dalk jouself.
- Sien hierdie God se genade... en laat toe dat dit jou hart binne sypel en hoop bring.
- Vir jou.
- Vir ander.
- ...hopelik ook deur jóú vir Vanderbijlpark...
 - soos wat jy Jesus op die regte pad volg agter ander aan
 - wat Hy ter wille van jou gestap het.

Amen

Griffel van Wyk
 Vanderbijlpark
 14 September 2014